

Lydenstyd

2021

Vyfde Sondag



Preekblad: Hebreërs 4:14-5:10

Lydenstyd

Hierdie Sondag is die vyfde Sondag in Lydenstyd – 'n dag wat volgens kerklike tradisie as 'Passiesondag' bekend staan. Die woord 'Passie' is afkomstig van die Latynse werkwoord *patior* wat "om te ly, te verdra of te deurstaan" beteken en word spesifiek gebruik om die finale tydperk van Jesus se bediening te omskryf.

In vandag se skrifgedeelte word hierdie lyding, gehoorsaamheid en opoffering van Jesus beskryf as deel van sy rol as Hoëpriester wat vir ons versoening met God bewerkstellig.

Die Brief aan die Hebreërs

Die boek Hebreërs word dikwels saam met Openbaring gegroepeer as van die meer komplekse geskrifte in die Nuwe Testament. Nie net is die skrywer van die brief 'n opgeleide retorikus wat 'n sekere styl van argumentvoering in hierdie werk vervolmaak nie, maar die Grieks waarin daar geskryf word is van die mees verfynde Grieks in die hele Bybel.

Die skrywer het ten doel om vir die lesers, wat waarskynlik vervolging in die gesig gestaar het en konflik met die Jode van die dag beleef het, op pastorale manier by te staan. Hy doen dit deur nie net vir hulle te vertel wie Jesus vir hulle is nie, maar om vir hulle te help om deur goeie argumentvoering aan ander dit duidelik te stel dat Jesus nie net 'n gewone man van Nasaret was nie, maar God self; dat Hy die Een is waarvan die Ou Testament profeteer het.

In die eerste 12 hoofstukke, wys die skrywer dit deur Jesus as die Ware Hoëpriester (die een wat die werk van die hoëpriester in die Ou Testament vir ewig vervolmaak het), uit te beeld. Hy maak hierdie argument aan die hand van Psalm 110:4 waar geskryf staan: "Die Here het 'n eed afgelê en Hy sal dit nie herroep nie: 'Jy sal altyd priester wees in die priesterorde van Melgisedek.'"

Melgisedek

Ons lees in Genesis 14 van Melgisedek waar hy as koning en hoëpriester van Salem (wat later Jerusalem sou word), vir Abram seën nadat hy vir hom kos en wyn gebring het. Melgisedek (wie se naam in

Hebreeus opgebreek kan word in die woorde “melek” wat koning beteken, en “tsadik” wat geregtigheid beteken) se priesterskap word deur die Hebreërs-skrywer beskryf as die voorafskaduwing van Jesus se nuwe nie-wettiese priesterskap.

Die skrywer wys dat Melgisedek sy priesterskap ontvang het van God (en nie vanuit die tradisionele Levi-geslag waaruit alle ander priesters kom nie), soos Jesus se priesterskap ook van God afkomstig is. Jesus kom uit die stam van Juda wat ook nie ‘n priesterlike geslag was nie.

Melgisedek volg niemand op nie en word ook deur niemand opgevolg nie – so ook volg Jesus niemand op nie. Sy versoeningswerk as Hoëpriester strek van ewigheid tot ewigheid. Jesus oortref ook alle hoëpriesters omdat niemand kon doen wat Hy gedoen het nie: Hy het sy lewe as offer gegee en die volledige prys betaal.

Jesus as Hoëpriester

Die skrywer van Hebreërs wys aan die lesers dat Jesus ons ware Hoëpriester is en dat Hy by uitstek die enigste Hoëpriester is wat ons nodig het.

In die Nuwe Testamentiese tyd sou die mense dadelik gesnap het wat die skrywer hiermee bedoel het, maar die term val vreemd op ons moderne oor (ons het immers baie min met die werk van hoëpriesters te doen).

Hoofstuk 5 van Hebreërs gee egter reeds in vers 1 vir ons ‘n leidraad wat

hierdie rol van hoëpriester behels: om vir ons by God *in te tree*.

Hierdie woorde is nie nêr woorde wat gebruik word om die werk van hoëpriesters te beskryf nie, maar het ook konnotasies met die juridiese wêreld. Dit word gebruik om diegene te beskryf wat iemand wat in die hof verhoor word, verteenwoordig; om die werk van ‘n advokaat te beskryf wat vir die beskuldigde tydens hofverrigtinge voor die regter intree.

Jesus – ons verteenwoordiger

Ons het Jesus as ons verteenwoordiger nodig omdat ons onself in die beskuldigingsbank bevind. Ons hoef egter nie onself te verdedig nie – Jesus verteenwoordig ons saak. Hy tree vir ons by die Vader in en het reeds die volle prys vir ons skuld betaal.

In Christus word ons nie net ten volle vrygeskeld en aanvaar nie, maar weerspieël ons ook sy skoonheid, geregtigheid, en waardigheid. Hierdie waarheid gee aan ons ‘n nuwe identiteit en waagmoed om voluit te lewe.